Finale teks.

191. T. 4 (21)

Vrystelling, 30 Mei 1966, 11 namiddag.

Release, 30th May 1966, 11 p.m.

HENDRIK VERWOERD-TOEKENNING.

## TOEKENNING AAN SY ED. DR. H.F. VERWOERD.

## MOTIVERING DEUR

## PROF. H.B. THOM, ONDER-VOORSITTER, HENDRIK VERWOERD-TRUST.

(Pretoria, 30 Mei 1966)

Dit is vir my ŉ voorreg om namens die Trustees van die Hendrik Verwoerd-Fonds ŉ toeligting te gee in verband met die eerbewys wat, ooreenkomstig besluit van die Trustees, vanaand hier verleen word. Die Hendrik Verwoerd-Toekenning word aangebied aan ŉ man wat hierdie hoë onderskeiding nooit gesoek het nie, maar terselfdertyd ŉ man wat dit in elke sin van die woord verdien het. Dit is vir ons ŉ genoeë om hierdie toekenning te maak aan Sy Edele ons Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd.

x x x x x

Although it is by no means my intention to repeat in English everything I say in Afrikaans - and also the other way round - I do wish, by way of introduction, to say in English what I have just said in Afrikaans.

It is a privilege to me, on behalf of the Trustees of the Hendrik Verwoerd Fund, to elaborate briefly on the award which, in accordance with the decision of the Trustees, is made here tonight. The Hendrik Verwoerd Award is offered to a man who never in the least looked for a high honour of this nature; at the same time a man whose services richly, and in every sense of the word, have merited it. It is to us a privilege and pleasure to make this award to our Prime Minister, Dr. the Hon. H.F. Verwoerd.

Proceeding from this point, I wish to add a few further introductory remarks. The Trustees congratulate~~d~~ Dr. Verwoerd most sincerely. They regard it as proper and fitting that the award, which bears his name, can be presented to him at this time, viz. at the climax of our first great Republic festival.

The Trustees have taken cognizance of Dr. Verwoerd's attitude: He has stated emphatically that he does not prefer to derive any financial gain from the award. He has requested the Trustees that the amount, which forms part of the award, be left in their care in order to provide for an annual post-graduate research scholarship in Medicine. The Trustees have ~~been deeply~~

been deeply moved by this inspiring example; they will be pleased to carry out Dr. Verwoerd's wishes.

On this occasion the Trustees - and indeed all of us present here - are delighted to have also Mrs. Verwoerd in our midst. We value her presence. We thank her most heartily for the exemplary, dignified way in which she has always proved herself a real support and ally by the side of the Prime Minister. She has gained our sincere admiration, and has set a fine example to womanhood of South Africa.

x x x x x

Om ter motivering van die genoemde eerbewys ŉ oorsig te gee van dr. Verwoerd se vernaamste lewensbesonderhede en prestasies op velerlei gebied, sou nie moeilik wees nie; en ŉ mens kom inderdaad ook in die versoeking om dit te doen. Maar dit is nie nodig nie. Ons volstaan met slegs enkele besonderhede van meer algemene aard, om daarna by die groot, alles-oorheersende hoofsaak te kom.

Gebore in Amsterdam in ons ou Nederlandse stamland op 8 September 1901, het dr. Verwoerd reeds op baie vroeë leeftyd saam met sy ouers na Suid-Afrika gekom. Sy kinderjare het hy hoofsaaklik in Kaapland, Rhodesië en die Vrystaat deurgebring. Vervolgens, ná ŉ skitterende universiteitsloopbaan op Stellenbosch en in die buiteland, het hy op ses-en-twintigjarige leeftyd Professor in die Toegepaste Sielkunde op Stellenbosch geword. In 1934 was hy hooforganiseerder van die groot Volkskongres wat in Kimberley gehou is oor die vraagstuk van armoede onder blankes, en hy het hiermee dus al vroeg getoon dat die lot van sy minder bevoorregte medemense hom baie na aan die hart lê.

Dr. Verwoerd se vernaamste werk het egter met verloop van tyd na die staatkundige terrein verskuif. In 1937 het hy sy professoraat neergelê om hoofredakteur van Die Transvaler te word, en hiermee het hy nou in die middel van die staatkundige lewe te staan gekom. In 1948 word hy Senator, en twee jaar later Minister van Naturellesake. Dit was in laasgenoemde hoedanigheid dat hy met erns die bouwerk gedoen het van ŉ nuwe staatkundige bedéling, wat vir die reëling van goeie onderlinge betrekkinge tussen die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika ŉ praktiese noodsaaklikheid geword het. Deur verskeie belangrike wetgewende maatreëls, en deur sy aktiewe, volgehoue optrede in belang van ŉ beplande ontwikkeling van Bantoetuisgebiede, het dr. Verwoerd op kragtige wyse rigting gegee en aldus die beleid van afsonderlike ontwikkeling ŉ lewensvorm vir ŉ vreedsame, ~~xxxxxxxxxx~~ ontwikkelende Suid-Afrika gemaak.

Sy onverpoosde arbeid het steeds meer erkenning gekry, en sy leiding is meer en meer gevolg. Op 2 September 1958 is hy tot die hoogste amp in ons landsregering geroep, toe hy as Eerste Minister aangewys is. Op die drumpel van ŉ nuwe tyd, wat hoë eise aan Suid-Afrika sou stel, het ons land ŉ daadkragtige leier gekry wat, met sy uitsonderlike intellektuele vermoë, sy seldsame geeskrag en sy vaste karakter, opgewasse was vir die taak wat op sy skouers gelê was.

Laat ons egter by die hoofsaak kom. Dr. Verwoerd het groot dinge gedoen; hy het baie bereik. Maar die grootste en vernaamste, dit wat oor alles anders uittroon, is die Republiekwording van Suid-Afrika.

Baie jare lank was die Republiek vir tal van mense in ons land niks meer as ŉ lieflingsdroom nie. Op nasionale feesdae het ons met trots - dog ook met weemoed - die vlae van die ou Republieke gehys en die volksliedere van die ou Republieke gesing. In al ons Provinsies het mense, wat in republikeinsgesinde huise grootgeword het, verlang na die dag wanneer daar weer ŉ Republiek in Suid-Afrika sou wees. Maar dit het so vér weg gelyk. Want ons het geweet dat die Republiek ŉ strydvraag in ons politiek was, ŉ strydvraag wat onenigheid veroorsaak het, en wat deur politieke voormanne - dikwels selfs diegene wat in hulle harte sterk ten gunste van die Republiek was - liewer vermy is. Daar was wel die vertroue dat die Republiek sou kom, en sommige vooraanstaande politieke leidsliede het dit ook met erns en opregtheid in die vooruitsig gestel. Maar die Republikein se geloof is verskeie jare lank swaar op die proef gestel.

Die tyd het egter nie stilgestaan nie. Dank sy die wel-oorwoë leiding van ervare, geduldige voormanne is die Republikeinse gedagte lewendig gehou, en het dit op gesonde wyse gegroei. Die Republiek sou egter eers werklikheid kon word wanneer die regte leier daar was, ŉ leier met die nodige aanvoeling, insig, geeskrag, en dinamiese leierspersoonlikheid. So ŉ leier was dr. Verwoerd.

Toe dit vir hom duidelik geword het dat die tyd dáár was, het hy op versigtige dog ferme wyse na vore gekom. Hy het weliswaar met sy eie gedagtes geworstel. Die Republikeinse ideaal was sterk, en hy het self met hart en siel daarin geglo. Maar die kiesers moes hulle uitspreek: as die meerderheid ŉ Republiek begeer, sou ons ŉ Republiek kry; maar die meerderheid kon ook die Republiek verwerp, en dan sou die bereiking van die ideaal miskien vir altyd verlore wees. Na sorgvuldige oorweging het dr. Verwoerd sy besluit geneem. Hy het ŉ landswye volkstemming uitgeskryf; hy het

duidelike, oortuigde leiding gegee. Maar hy het geen dwang uitgeoefen nie, en elkeen moes vry wees om 'n onbelemmerde keuse te doen: die stemming oor die Republiek is volkome losgemaak van die verskille tussen politieke partye, en elke kieser het die geleentheid gekry om sy begeerte in 'n geslote stembrief uit te spreek. Dr. Verwoerd het 'n ongedwonge, ondubbelsinnige antwoord gevra.

Besef ons wat dit beteken het? Besef ons wat dit van dr. Verwoerd geverg het? Hy het hiermee in werklikheid sy hele staatkundige aansien op die spel geplaas; hy was bereid om sy hele politieke toekoms vir die Republikeinse ideaal op te offer. Nog selde in ons geskiedenis was 'n Suid-Afrikaanse staatsman geroepe om 'n besluit te neem wat homself en sy hele land so radikaal geraak het.

Dr. Verwoerd se oordeel was suiwer. By die volkstemming het die meerderheid aan sy sy kom staan; hy het 'n mandaat gekry om die Republikeinse staats- en regeringsvorm in te voer. Ooreenkomstig sy belofte het hy ook terstond aan die werk gegaan om dit te doen.

Die verkryging van die Republiek het vanselfsprekend verreikende binnelandse en buitelandse staatkundige implikasies gehad. Maar dit het ook die verwesenliking van een van die vernaamste kulturele ideale van ons volk beteken. Immers, net soos die kultuur van 'n volk weerspieël word in sy poësie, sy prosa, sy musiek, sy skilderkuns, sy beeldhoukuns, sy boukuns, sy godsdiens, sy onderwys, net só word 'n volk se kultuur ook weerspieël in sy staatsvorm en regeringstelsel. Die blankes wat die permanente volksplanting aan die Kaap gestig het, en aldus die Christendom en die beskawing na ons land gebring het, was Republikeine. Ons volk het dwarsdeur sy geskiedenis republikeins gebly, al was hy ook 'n lang tyd onder 'n monargale staatsisteem. Toe Suid-Afrika 'n Republiek word, was 'n diep liggende deel van ons historiese kultuurbesit nie meer bestem om slegs in die hart van ons volk te leef nie, maar dit het ook op treffende wyse weer in uitwendige manifestasie vorm aangeneem.

x x x x x

The realisation of our republican ideal was, in addition, the logical, final step in our constitutional development. In the past we saw in some parts of South Africa succeeding forms of Colonial government, in which as a rule a growing measure of self-government was apparent. In other parts of the country we experienced republican forms of government which applied to the relevant regions. Each of these forms of government fitted into its own

time and place in our history, but none of these represented the final stage in the process of our governmental development. This final stage was reached on the 31st of May 1961, when a united Republic comprising the four main territories of South Africa took its place among the sovereign states of the world.

What is especially remarkable is that the Republic, which at one time was a real bone of contention, a real cause of division and friction, has now become a powerful factor of cooperation and goodwill. Many of those who, for the sake of peace, a few years ago carefully and tactfully avoided the Republican issue in their personal surroundings, today join hands in celebrating the coming of the Republic. And he who does not understand that South Africa has gained enormously by becoming a republic, can certainly not have any sound knowledge of the real state of affairs obtaining in this country.

That we have become a Republic is a mighty event in the life of South Africa - since the Peace Treaty of Vereeniging undoubtedly the most ~~important~~ significant event. With this event we have in reality entered a new era in our history. Of course, many of us today do not sufficiently realise this; we are still too close to the event. But those who follow after, those who will have the assistance of a growing historical perspective, will realise this fact much more clearly. To them it will also be clear, much more so than to many of us, that it was the Republic which put South Africa on the road to full spiritual and economic maturity. Posterity will then also be able - perhaps much more than our present generation - to grasp the real depth and full meaning of the work of Dr. Verwoerd.

Let us therefore express gratitude and appreciation in an appropriate, adequate way. Let us thank Dr. Verwoerd: He has been, and is, the most important architect of our Republic.

x x x x x

Dit is vir my 'n eer en voorreg om nou hiermee die ~~H.F.~~ Hendrik Verwoerd-Toekenning aan dr. Verwoerd te oorhandig. Dit geskied ter erkenning van sy buitengewone diens van nasionale betekenis, maar insonderheid vir die verwesenliking deur hom van die Republiek van Suid-Afrika.

H. B. Thom
...................

PRETORIA,

30 Mei 1966.